



Die liggaam van Christus

Romeine 12:1-8

Gemeente Prioriteite: Saam Leef en Heel Word

In die lig van ons gemeente prioriteite en spesifiek die eerste een van *Saam Leef*, gaan ons die volgende 6 weke stilstaan by die tema *Saam-Geroep*.

In ons gemeente wil ons 'n verskil in ons gemeenskap maak, anders dam die stroom van Lewende Water op en bring dit nie hoop en lewe om ons en in die wêreld nie.

Daar is min leerstellings in die teologie wat meer prakties is as die metafoor dat ons as kerk die liggaam van Christus is. Alle mense is uniek en dit is presies hoe God ons gemaak het. Daar word 'n baie oulike akroniem gebruik om ons elkeen se uniekheid aan te dui. Dit is die akroniem SHAPE.

S - Spiritual Gift/Geestelike gawe

'n Geestelike gawe is iets wat God vir elke mens gegee het. Soms is dit dood-eenvoudige dinge wat alreeds in ons lewes teenwoordig is wat God net gebruik vir sy doel.

H - Heart/hart

Ons kan dit ook vertaal met passie? Daar is 'n paar basiese vrae wat jy vir jouself kan vra as jy nie weet wat is jou passie nie.

- Waarvoor gee jy om?
- As ek nou al die geld en al die middele het wat ek wil hê – wat sal ek doen?
- Waaroor droom jy?
- As ek dood gaan wat sal ek wil hê moet mense sê van my lewe?

A – Ability

Dit is eenvoudig so dat party mense meer vermoëns as ander het. Ons elkeen besit sekere vermoëns en ons moet binne ons vermoëns God se wil uitleef.


P - Personality

Jou persoonlikheid het God jou gegee, juis omdat God jou soort persoonlikheid nodig het vir die taak wat jy vir Hom moet doen.

E - Experiences

Alles wat jy beleef het kan God gebruik. Selfs ook die oomblikke toe jy deur pyn moes werk.

Vraag is - Is jy in SHAPE? Elke erediens is die gymnasium waar ons oefen om in die week die liggaam van Christus te wees.



Ek en jy is die liggaam van Christus in die wêreld. Jy persoonlik weerspieël die liggaam van Christus. Jy is die oë van God in die wêreld wat die pyn en nood kan raaksien. Jy is die ore van God wat die klaagliedere van 'n wêreld se nood kan hoor. Jy is die stem en mond van God wat seën kan uitspreek in die wêreld. Jy is die hart van God wat met jou emosies en die uitlewing daarvan mense kan vashou en ophelp. Jou hande is God se hande wat genees en heelmaak. Jou voete is God se voete wat loop waar die wêreld dalk nie wil loop nie.

Soos Martin Luther dit gesê het: “Ons elkeen is 'n klein Christussie”.

Om meer te weet:

In die Bybel kry ons drie Griekse woorde wat ons vertaal het met gawes.

- In Romeine 8:27 word die woord charismata gebruik. Dit dui op 'n genadegawe as 'n geskenk wat onverdiend uit genade deur God aan gelowiges gegee word.
- Die 2de woord is domata wat ons in Efesiërs 4:8 kry en beteken basies dieselfde as charismata.
- In 1 Korintiërs 12:1 is die woord vir genadegawes pneumatikon. Dit kan vertaal word met geestelike dinge of aktiwiteite, manifestasies of werkinge van die Gees.



Watse gawes is daar? In die Bybel ongeveer 23 identifiseerbare gawes (vgl. 1

Kor 12, Romeine 12, Ef 4, 1 Petrus 4, Eksodus 31, 1 Timoteus 2, Psalm 150).

Gawes word nooit afgesluit nie. Vandag ook nuwe gawes wat God vir sy kerk gee. Soos bv rekenaarvaardigheid en klankmense ens.

Daar is ook geredelike verwarring rondom verskillende terme:

Vrug van die Gees: Dit is deugde wat bedoel is om deel te wees van elke christen se lewe (vgl. Galasiërs 5:22 - liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikeit, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing).

Talente: Stem in meer as een opsig ooreen met gawes. Albei word deur God aan mense gegee. Albei kan tot verheerliking van God gebruik word. Dit is egter ook nie presies dieselfde nie. Talente kan jy ook net tot jou eie voordeel aangewend word.

Gawes: Word deur God gegee vir twee redes – Om Hom te verheerlik en om tot diens van ander te wees.

Om oor na te dink en te bespreek:

- Gesels oor julle SHAPE en help mekaar om beter te verstaan wat God jou gemaak het om te wees.
- Deel verhale waar jy al die “liggaam van Christus” beleef het.
- Wees baie prakties en sê hoe jy beplan om die week wat kom die “liggaam van Christus” te gaan wees.
- Bid saam dat al hoe meer mense Christus in en deur ons sal beleef.

DON'T GO TO CHURCH,

BE THE CHURCH.